

# KOERSVAS

Jaargang 3      Uitgawe 55      30 Januarie 2015



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Hoe diep is die kanker?

Maroela media berig op 28 Januarie 2015 as volg: “Die Instituut van Interne Ouditeure het Woensdag bekend gemaak dat Suid-Afrika oor die afgelope 20 jaar R700 miljard weens korrupsie verloor het. Claudelle von Eck, die instituut se uitvoerende hoof, het dié inligting tydens die bekendstelling van die Teen-intimidasië en Etiese Praktiese Forum (AEPF) in Johannesburg bekend gemaak. Von Eck, die forum se voorsitter, het gesê mense wat korrupsie wil aanmeld word dikwels gemuilband. “Lede word geïntimideer wanneer hulle probeer om die kwessie van korrupsie in ’n organisasie aan die klok te hang,” het sy gesê. Volgens Von Eck gaan die forum hom daarop toespits om sy lede oor korrupsie op te voed, hulle aanraai hoe om korrupsie openbaar te maak, en opvoed oor wat om te doen wanneer fluitjieblasers geïntimideer word. Die forum is bedoel om ’n professionele kollektiewe stem te wees wat uitsprake maak oor die toestand van die regering in die land. “Ons kan nie net stilbly nie. As professionele mense moet ons in staat wees om te kan sê wat die stand van sake is. Ons het nodig om dit te doen om dinge reg te stel,” het sy gesê. Die forum bestaan uit ’n uitvoerende komitee, agentskappe wat aksie kan neem, belanghebbende organisasies, en ’n evalueringspaneel.”

In opvolg van Koersvas 54 se redaksioneel oor die matrikulante se knoeiery tydens die eindeksamen, word daar vandag gefokus op die voorbeeld wat daar in ons samelewing gestel word.

Die opvallende van hierdie berig is dat die verslag deur ouditeure uitgebring is, kenners in die finansiële omgewing. Dit is duidelik dat afloer net een vorm van oneerlikheid is.

Grootskaalse korrupsie op verskillende maniere en vlakke is aan die orde van die dag. Nkandla, die wapenskandaal en die skuldigbevinding van wyle Jackie Selebi dui aan dat oneerlikheid skynbaar endemies is aan ons samelewing. Dit is asof daar ’n houding heers van “dit is net steel as jy gevang word”. Die verslag wat nou uitgebring is, wys op die skade wat die land berokken word, of jy nou gevang word of onbeskaamd suksesvol omkoop. ’n Verlies van 700 miljard rand is baie, dit vertaal na sewe honderd duisend miljoen rand, R700 000 000 000. Indien ons die verlies tussen die huidige bevolking verdeel, beteken dit dat elke persoon van een dag oud tot die tannie in haar negentigs, elke jaar R700 verloor. Konstruktief omgesit beteken dit dat daar met die geld wat verloor is vir 2.3 miljoen gesinne huise gebou kon word teen R300 000 per huis.

Eties is oneerlikheid en die korrupsie wat so logaritmies groei onaanvaarbaar, ekonomies is dit vernietigend. Dit is elkeen se

taak om tuis en by die werk hierdie monster teen te staan, vir ons nasate se onthalwe. Korrupsie is 'n vernietigende kanker wat in selfsug almal benadeel.

## NUUSBROKKIES

### • Bestuursvergadering

Tydens die bestuursvergadering van 23 Januarie is verskeie sake bespreek. Gemeentes sal eersdaags korrespondensie van die sekretaris ontvang met die versoeke wat spruit uit die besprekings. Die een saak wat nou reeds genoem moet word, is die woord van dank wat gerig is aan almal wat betrokke was by die saamstel van Lewensbrood III. Dit is 'n gehalteprodukt wat lidmate in hul geloofslewe gaan versterk.

Koersvas wil graag predikante en hulle gesinslede geluk wens met herdenkingsdae en groot gebeurtenisse. Om dit te kan doen het ons al die inligting nodig. Stuur onverwyld alle relevante inligting aan ds Lewis Strauss wat die week 'n tweede kleinkind ryker geword het.

## KENNISGEWINGS

### • Regsproses 2015

Einde 2014 het Koersvas berig oor die regsgeeding. Lesers is in kennis gestel dat die twee partye saamgestem het oor wat die kernpunte van die dispute is. Lesers is op die hart gelê dat die proses lank gaan neem. Die volgende stap in die lang en uitgerekte proses is blootlegging. Die term verwys na die beskikbaar stel van alle relevante inligting aan die teenparty. Dit is van groot belang dat ons die blootlegging met groot erns en deeglikheid sal doen. Terselfdertyd is dit nodig dat ons alle tersaaklike inligting versamel sodat ons versoek tot blootlegging van die NHKA se dokumentasie en inligting volledig en relevant sal wees. Uit die keurdatum sal u kan sien dat ons blootlegging verstaan as 'n tydrawende proses, soos ook die res van die regsproses. Ons moet vrede daarmee

maak dat die NHKA nie wil medieer of skik nie. Dit beteken dat ons die lang en duur regsproses nougeset en geduldig sal volg. Die keurdatum vir die inhandig van elke gemeente se dokumente ter blootlegging, asook die indien van ander relevante inligting, is **1 Augustus 2015**. Dit gee almal 'n redelike tyd om in die gemeente- en ander argiewe dokumente op te diep. Ons versoek u om nou reeds te begin en die dokumentasie so gou doenlik gereed te kry. Die datum van **1 Augustus is nie die teikendatum nie, dit is die keurdatum**. Ter wille van volledige blootlegging versoek ons dat u die volgende saamstel en

- as harde kopie en
  - elektronies (geskandeer as pdf formaat) beskikbaar stel.
1. Alle korrespondensie tussen u gemeente, kerkraad, ouderlingevergadering, lidmate, leraar, ampsdraers en die Kommissie van die AKV sover dit twis- en geskilpunte het as inhoud. Dit sluit in enige besware, aanvra van inligting of antwoord van vrae. Van groot belang is enige korrespondensie oor die eiendom, u besluite rakende u eiendom asook korrespondensie oor lidmaatskap.
  2. Alle notules van die vergaderings van die gemeente, vereniging, kerkraad, ouderlinge, studiegroep of ander byeenkoms wat betrekking het op die saak.
  3. Enige korrespondensie tussen enige persoon of groepering in die gemeente met die Kommissie van die AKV wat as inhoud het die besluite van die 65e- tot die 69e AKV, veral besware teen besluite.
  4. Uittreksels uit AKV en ringsvergadering notules waar u teenstemme laat notuleer het teen besluite, of sake oor eiendom en lidmaatskap bespreek is.
  5. Alle studiestukke wat u opgestel het vir die AKV, ringsvergadering, gemeentevergadering of enige groepering oor die sake wat nou in die hofgeeding is met spesifieke verwysing na eiendom,

eiendomsreg, die Presbiteraal sinodale kerkregstelsel asook lidmaatskap. Daarmee saam enige relevante memorandum of studiestuk wat u vanuit 'n ander oord ontvang het.

6. Elke predikant en gemeente word versoek om 'n volledige kronologiese verslag op te stel van die pad en proses van u gemeente en u predikant sover dit selfstandigwording betref. Notules, uittreksels van notules met besluite wat geneem is, moet asseblief ingesluit word. 'n Volledige rekord van viktimisasie en laster waar van toepassing moet ook ingedien word.
7. Gemeentes wat kennis dra van **enige eiendomstransaksie** van die NHKA word versoek om die episode so deeglik moontlik (name en datums is van groot belang) te boekstaaf, met **stawende dokumentasie** sover moontlik. Dit sluit in die koop en verkoop van kerklike eiendom asook die **skenk** van eiendomme aan predikante en instansies. Ons **spesifieke fokus** is

daar waar lidmate ernstige **beswaar aangeteken** het maar die proses **buitendien voltrek** is, asook daar waar daar **geen advies** ingewin is of die **advies nie gevolg** is nie.

Ons wil u net weer daaraan herinner, die regsproses gaan lank neem, jare lank. Na 1 Augustus gaan die regsspan 'n redelike tyd neem om al die inligting te sif, orden en katalogiseer alvorens dit aan die NHKA se regsspan gestuur kan word. Ons weet nie of die blootleggingproses in die NHKA gelyklopend met ons gaan plaasvind nie. Hulle moet ook alle relevante inligting beskikbaar stel. Ons kan met ander woorde redelik seker wees dat die hofsaak nie hierdie jaar sal voor kom nie. Ons vra u vir geduld en toegespitste samewerking.

#### BANKBESONDERHEDE:

Naam: GHG (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)

ENB Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika

Rekeningnommer: 6243 092 3088

Takkode: 250 655

#### Belangrike skakels om te gebruik:

##### Geloofsbond van Hervormde Gemeentes

Webblad (Audio-preke van Bondsprekante weekliks hier beskikbaar.)

<http://www.geloofsbond.co.za/>

Facebookblad

<https://www.facebook.com/geloofsbond>

##### SteedsHervormers

Webblad

<http://www.steedshervormers.co.za>

Facebookblad

<https://www.facebook.com/pages/Steedshervormers/118368828245168>

Plaas gerus foto's en inligting van u funksies op die Geloofsbond se webblad.

Stuur u gemeente se **kennisgewings en nuusbrokkies** na [j.otto@telkomsa.net](mailto:j.otto@telkomsa.net) vir opname in die volgende Koersvas.

Vir verpakkingsmateriaal, spysenieringsbenodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel

**MW PACKAGING**

by 018 381 1494